# HOOFSTUK 3

# *EKONOMIESE EN SOSIALE ONTWIKKELING TOT 1914*

## 3.1 Die mynvereniging en die uitbreiding van nywerheidspotensiaal

Sedert die ontdekking van steenkool was mynbou, op gekonsentreerde plekke, asook landbou, aan beide kante van die Vaalrivier, die vernaamste ekonomiese aktiwiteite in die omgewing tussen die Kliprivier en Taaibosspruit. Dit het die grondslag vir industrialisasie in die gebied gelê. Die steengroef, wat Leslie in 1891 geopen het, was die voorloper van fabriekswese in die omgewing.[1] Sammy Marks het dit net as die begin van industrialisasie in Vereeniging gesien.[2]

Hy was onder andere vasbeslote om 'n sukses van landbou op die mynmaatskappy se plaasgrond te maak. Ten tyde van dorpstigting het die mynvereniging begin om stoomaangedrewe landbou-implemente in te voer. Plaasgrond is daarmee onder bewerking geplaas.[3] Dit het 'n uitgebreide projek geword wat uiteindelik as die grootste van sy soort in die land beskou was.[4]

Die mynvereniging was daarop toegespits om swartmense vir hulle projek te werf. Die sukses van hul onderneming is daaraan toegeskryf dat hulle die stelsel van deelboerdery op 22 plase van die mynvereniging toegepas het. Swart deelboere was van implemente voorsien. Blanke boere, op naburige plase, was nie tot die stelsel geneë nie. Verarmde blankes was ook onwillig om hulself aan 'n ander

---

[1] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 82.

[2] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, p. 50.

[3] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 99-101; vgl. kaart 1.2.

[4] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 58.

grondeienaar te onderwerp en het deelboerdery as 'n vorm van ongevraagde kompetisie ervaar.[5]

Die mynvereniging het swart gesinne toegelaat om op hul plase te vestig. Hierdie families was toegelaat om hul eie landbou-ondernemings op die plase te bedryf. Dit het die geleentheid aan swartmense gebied om 'n meer selfonderhoudende bestaan te voer en terselfdertyd die mynvereniging van 'n bykomende inkomste te verseker. Veral belangstellende Sotho's, vanuit Basoetoland (Lesotho), het hulle op die plase naby Vereeniging gevestig.[6]

Swart gesinne is later ook in die Kaapkolonie gewerf. Elke gesin is van die nodigste boumateriaal voorsien waarmee gesinslede 'n eie woonplek kon oprig. Die grondeienaars het aanspraak op die helfte van elke gesin se landbouopbrengs gemaak. Grondhuur is op dié manier verhaal.[7] Een persoon per gesin moes egter op kort kennisgewing sy dienste aan die myn lewer. Dit het korttermyn verligting in tye van 'n mannekragtekort op die steenkoolmyne gebring.[8]

Mielies en sorghum is met groot sukses verbou. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was die landboubedryf van die mynmaatskappy as welvarend bestempel. Hierdie vooruitgang was in skerp kontras met die situasie op naburige plase, wat deur privaateienaars bewerk is. Teen die einde van die oorlog was die mynvereniging selfs in staat om ruim lenings aan deelboere te maak wat gedurende die oorlog skade gely het. Dit het daartoe bygedra dat 'n hernude toestroming van swartmense na die omgewing plaasgevind het. Waar swak grondpaaie die lewering van oeste aan die markte belemmer het, het spoorweg-fasaliteite daarvoor opgemaak. Hierdie infrastrukturele voordeel het verdere bevolkingsverdigting tot gevolg gehad.[9]

---

[5] T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, pp. 32-33, 54, 59-61.

[6] T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, pp. 54-56, 65-67.

[7] R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., p. 21; vgl. kaart 1.2.

[8] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, p. 222.

[9] T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, pp. 55, 73-75, 85, 88-89, 99-103, 115-118, 170.

'n Vlaag van ekonomiese groei was ná Uniewording in 1910 regoor Suid-Afrika ondervind. In hierdie tyd het grondpryse ook gestyg. Sommige swartes het in die voorafgaande jare daarin geslaag om genoeg kapitaal te akkumuleer. Hulle het grond in Vereeniging lokasie of in die vrye vestigingsgebied, Evaton, sowat 20km noord-wes van Vereeniging, aangekoop.[10] Vir die meerderheid het lewenstoestande egter ná 1910 agteruitgegaan. Toenemende staatshulp aan blankes en die instelling van die sogenaamde Naturelletrust en -Grond Wet, in 1913, het die toekomstige rol van swartmense in die landbousektor onderdruk. Dit het hulle ook in onvermoë gestel om voort te gaan om eiendom buite aangewese reservate te bekom. Verder het dit ook die stelsel van deelboerdery, as metode waarvolgens swart plaasboere aan landbou kon deelneem, tot 'n einde gebring. Blanke plaasboere in die Vereeniging-omgewing het daarna die monopolie in die landbousektor verkry.[11]

Swartmense, wat voor 1913 na Evaton verhuis het, het grond by die spekulante *Easton, Adam & Co.* gekoop. Laasgenoemde het die plaas Wildebeestfontein in erwe onderverdeel. Swartmense het 2 500 erwe bewoon. Die blanke sektor, aangrensend tot Evaton, was later Residensia genoem. Die gebied waar swartmense hulself gevestig het, het die oorspronklike naam behou. Blankes het 500 woonerwe in Residensia benut. Inwoners van Evaton was sedert 1913 deel van 'n klein groepie swartmense wat eiendomsreg op grond gehad het.[12] Vereeniging lokasie was op 'n gedeelte van die aangrensende dorpsgrond (dorpsmeent) aangelê. Die lokasie het teen 1914 uit 188 erwe bestaan.[13] Inwoners het geglo dat hulle eiendomsreg op die grond gehad het.[14]

---

[10] Vgl. kaart 2.3 {Vereeniging lokasie, noord van die geproklameerde dorpsgebied}; vgl. kaart 1.1 {ligging van Evaton}.

[11] T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, pp. 166-170, 179, 194-195, 203-204; S.B. Taaso {Oud-inwoner van Toplokasie, later van Sharpeville}, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

[12] TAB, Sentrale Regeringspublikasies (SRP), vol. 6/396, Unie van Suid-Afrika, *Verslag van die Naturellekommissie vir die tydperk 1 April 1946 tot 31 Desember 1947*, UG 15/1949, pp. 31-32, 43.

[13] P.J.J. Prinsloo (red.), Die geskiedenis van Vereeniging, p. 93.

[14] S.B. Taaso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

Die swartmense wat nie gelukkig genoeg was om naby aan verstedelikte gebiede te vestig nie, het in die reservate tuisgegaan. Politieke verwikkelinge na Uniewording het hulle onder andere gedwing om hulself tot mynbou te wend.[15] Terwyl die gesin in die reservate agter gebly het, het die manlike hoof van die gesin 'n mynwerker geword. Dit het 'n stelsel van trekarbeid uitgebrei. 'n Trekarbeider was 'n werker wat sy gesin agterlaat het om vir 'n vasgestelde tydperk teen 'n vasgestelde loon sy dienste aan te bied. Met die verstryking van sy kontrak het hy na sy familie teruggekeer. Dit het slegs 'n korttermyn voordeel vir beide werknemer en werkgewer ingehou.[16] Verder het dit 'n hoë arbeidsomset by die steenkoolmyne in Vereeniging tot gevolg gehad.[17] Die afstand tussen die arbeider en sy verafgeleë familie was een van die hoofredes vir die hoë omset.[18] Produksie was negatief beïnvloed en produksiekoste het gestyg.[19]

Reeds teen 1895 het die aanvraag na steenkool sodanig toegeneem dat nuwe myne geopen is. Die Corneliaskag, aan die Vrystaatse kant en oorkant die *Central*-myn, was gevolglik gesink. Groot hoeveelhede water is saam met die ontginning van steenkool voortgebring. Dit het die skag laat misluk. 'n Tweede skag was 'n myl (1,6 km) verder gesink, nader aan die rivier. Dié skag het in 1902 begin produseer. Die *Central*- en Corneliasteenkoolmyne het teen 1902 saam daagliks ongeveer 1 000 ton steenkool gelewer. Teen 1911 was ontginning by die *Central*-steenkoolmyn, noord van die Vaalrivier, gestaak omdat die steenkoolreserwes uitgeput geraak het. Daarteenoor het die Corneliamyn, aan die Vrystaatse kant, in

---

[15] Vgl. T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, pp. 187, 204-205.

[16] G.M.E. Leistner, *Enkele ekonomiese aspekte van Bantoevolksverhuising en trekarbeid in Suid-Afrika* (Geleentheidspublikasie, nr. 6, Afrika-Instituut van Suid-Afrika, s.a.), pp. 5-6.

[17] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, p. 49.

[18] Vgl. A.H. Jeeves, *Migrant labour...*, pp. 32, 256.

[19] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, pp. 166-169.

1912 bykans 360 000 ton steenkool geproduseer. Die verkoop van steenkool het in die daaropvolgende jaar steeds gestyg.[20]

Oorlogsomstandighede het nog altyd industriële ontwikkeling ten nouste geraak.[21] Die Anglo-Boereoorlog het verreikkende gevolge vir die steenkoolbedryf ingehou. Feitlik alle mynboubedrywighede is nadelig beïnvloed.[22] Een van die redes hiervoor was dat die steenkoolbedryf, as gevolg van die oorlog, 'n oorproduksie gelewer het. Die oorskot het verlaagde pryse tot gevolg gehad.[23]

Met die beëindiging van die oorlog het 'n ekonomiese bloeitydperk aangebreek wat vinnig afgeplat het.[24] Marks het hoë verwagtings vir die na-oorlogse herstel en groei van die mynbousektor gekoester. Hy het hierdie siening op die stabiliteit gebaseer wat vrede en 'n nuwe Brits-beheerde regering sou bewerkstellig. Aandeelhouers in die goudmynbedryf het egter na-oorlogse steenkoolpryse so laag as moontlik gehou ten einde hul eie winsmarge te bevoordeel. Verder het oorproduksie en 'n aanhoudende tekort aan arbeiders die verwagte na-oorlogse vooruitgang belemmer.[25]

Sommige opponente van Lewis en Marks het eerder steenkoolmyne ondersteun waarin hulself aandele gehad het. Dit het Vereeniging, sowel as ander steenkoolmyne waarin Lewis en Marks aandele gehad het, erg in die knyp gelaat. Die kontrak om steenkool aan die Kaapse Spoorweë te lewer, het slegs tydelike verligting in hierdie opsig gebring. Teen 1904 het die Kaapse Spoorweë hul konsessie met Vereeniging opgesê. Ten opsigte van die verkryging van ander

---

[20] Suid-Afrikaanse Argiefbewaarplek, Pretoria (SAB), Departement van Mynwese (MNW), Band 396, MM 2829/17: Brief, J.H. Boshoff - Landbousekretaris, 02.11.1917; VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 96-99; P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, pp. 5, 23, 108; E.J. Dunn: "Notes on the Dwyka coal measures...", ..., p. 67; VT, Fotoversameling, 03/8483: Corneliamyn.

[21] G.C.R. Bosman, *The industrialization of South Africa*, p. 163.

[22] F.L. Coleman (ed.), *Economic history of South Africa*, p. 185.

[23] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, p. 162.

[24] G.C.R. Bosman, *The industrialization of South Africa*, p. 20.

[25] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, pp. 162-163.

buitelandse kontrakte was daar weinig sukses. Natalse steenkoolmyne het in 'n gunstiger posisie ten opsigte van steenkooluitvoere gestaan.[26]

Die ekonomiese opbloei ná 1910, in aanloop tot Wêreldoorlog 1 (1914-1919), het mynbou tot voordeel gestrek. Die vraag na yster- en staalprodukte het ook toegeneem. Vervolgens was die Pretoria-Witwatersrand-Vereenigingstreek (PWV) deur die opkoms van klein, individuele ondernemings gekenmerk. Die teenwoordigheid van grondstowwe het nywerheidsontwikkeling gewaarborg.[27] Terselfdertyd het dit die totstandkoming van 'n sekondêre nywerheidsektor gestimuleer.[28] Steenkool was 'n noodsaaklike komponent tot ekonomiese vooruitgang.[29] Dit het die basis gevorm wat Vereeniging deel van die bakermat van industrialisering in die land gemaak het.[30] Mynbou en landbou het die primêre basis vir ekonomiese ontwikkeling gevorm.[31] Vereeniging se toekoms was van meet af aan in 'n geïntegreerde nywerheidsmilieu opgesluit.

Gedurende Mei 1897 was die ***Zuid Afrikaansche en Oranje Vrij Staatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging*** in 'n publieke maatskappy omskep, by name ***Vereeniging Estates (Limited)***. Isaac Lewis en Sammy Marks het, saam met 'n paar ander vennote, die direksie uitgemaak.[32] Eiendom wat aan die mynmaatskappy behoort het, was aan ***Vereeniging Estates*** oorgedra. ***Vereeniging Estates*** het derhalwe die grondeienaar van ongeveer 200 vierkante myl (518 km²) geword.[33]

---

[26] Vgl. TA, Transvaal Representatives of the Railway Committee (RRC), Band 44, RF 3/07: Letter, Vereeniging Estates - High Commissioner, 01.11.1906.

[27] G.C.R. Bosman, *The industrialization of South Africa*, pp. 15, 24-25, 99-100, 195.

[28] Vgl. M.F. Drake, The iron and steel, metal and engineering industry..., p. 10.

[29] G.C.R. Bosman, *The industrialization of South Africa*, p. 106.

[30] Anon., "Vereeniging: History in the making - Wealth comes to Vereeniging", *The S.A. Financial Gazette*, 18.04.1969, p. 20.

[31] Vgl. Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., pp. 32-33.

[32] VT, File 03/13560, E. Rosenthal, The Vereeniging Estates story, p. 62.

[33] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 97, plaasnommers 595-599, Folio 596/1: Leeuwkuil eienaarsregister {transport oorgedra aan *Vereeniging Estates*, 25.11.1897}; AKT, Registrasieafdeling IQ, band 98, plaasnommers 600-621, Folio 601/1: Klipplaatdrift eienaarsregister {transport oorgedra aan *Vereeniging Estates*, 25.11.1897}; Anon., "...The Vereeniging Estates", ..., p. 23; vgl. kaart 1.2.

Isaac Lewis en Samuel Marks was by uitstek die hooffigure in die vroeë geskiedenis van *Vereeniging Estates*. Beide is as vernuftige sakemanne bestempel.[34] Van die twee was Marks as die meer mensgerigte bestuurder beskou. Sy vennoot, Lewis, was meer kapitalisties ingestel. Daar was selfs geglo dat dit hul uiteenlopende karaktertrekke was wat ondernemings soos *Vereeniging Estates* suksesvol gemaak het.[35] Dit was juis hul unieke sakevernuf wat tot gevolg gehad het dat die grondeienaars 'n vennoot in die uitbouing van munisipale bestuur en dorpsuitbreiding gebly het. Dit was veral die industriële uitbreiding, aangespoor deur *Vereeniging Estates*, wat ongekende groei in Vereeniging tot gevolg gehad het.[36]

Met 'n aanvangskapitaal van £25 000 was *Vereeniging Brick and Tile Company, Limited* in 1903, as filiaal van *Vereeniging Estates*, gestig.[37] Dit was slegs die tweede sekondêre nywerheid wat in die Transvaal tot stand gekom het.[38] Die perseel waarop die bakstene vervaardig was, tussen die geproklameerde dorpsgebied en die *Central*-steenkoolmyn, het voorheen as *Vaal River Collieries* bekend gestaan.[39] Bakstene was aanvanklik teen ses pennies elk verkoop. Ingevoerde bakstene was in daardie stadium teen dubbel die prys verkrygbaar. Die aanvanklike kwaliteit van die bakstene het nie die tevredenheid van al die kliënte weggedra nie.[40] Die Kaapse spoorweg-owerheid het egter graag die vuurvaste bakstene aangekoop. Bakstene, wat vir die oprigting van geboue geskik is, was ook aan die omliggende myne gelewer.[41]

---

[34] SBA, INSP 1/1/85, p. 333: Kimberley branch, inspection report, 12.11.1881.

[35] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 40-41.

[36] *Vaalweekblad*, 27.10.1967: Berig.

[37] Anon., "...Vereeniging Brick and Tile...", ..., p. 24.

[38] M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., p. 15.

[39] Vgl. kaart 1.2.

[40] R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., p. 10.

[41] M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., p. 15.

Die oorspronklike baksteenvervaardigende onderneming was feitlik dadelik met 'n Nommer 2-Werke uitgebrei. Gevolglik was na die oorspronklike werksplaas as die Nommer 1-Werke verwys. Die nuwe toevoeging het in die vervaardiging van pype met 'n soutglasuring gespesialiseer. Twee stoomkragmasjiene, asook een wat deur 'n waaierband aangedryf is, was vir hierdie doel aangeskaf. Ses droogoonde is ook aangekoop. Bedryfsprobleme was aanvanklik ondervind. Dit was veral die gebrek aan goeie klei wat produksie gekortwiek het.[42]

Teen 1909 was daar 11 blankes en sowat 50 swart werkers in diens by die Nommer 2-Werke.[43] Drie bykomende masjiene is teen 1910 by die Nommer 1-Werke geïnstalleer. Dit het die vervaardiging van bakstene bespoedig. Vordering was sodanig dat daar met die vervaardiging van dak- en vloerteëls begin is. Die dak van die Uniegebou was onder andere met die teëls van *Vereeniging Brick and Tile* bedek.[44] Vuurvaste bakstene was gebruik om hoogoonde op te rig. Die baksteenbedryf het voortdurend uitgebrei.[45] *Vereeniging Brick and Tile* se kapitale belegging het met die jare 'n gesonde groeikoers getoon.[46]

Marks het verder oorweging daaraan geskenk om 'n kragsentrale in die omgewing op te rig.[47] Hy was van mening dat die ligging en eienskappe van die eiendom van *Vereeniging Estates* ideaal vir die oprigting daarvan was. Eerstens sou dit 'n nuwe mark vir die oormaat steenkool bied. Tweedens was hy daarvan oortuig dat elektrisiteit onbeperkte voordele vir die mynboubedryf ingehou het. Derdens het die Vaalrivier genoeg water verskaf om elektrisiteit mee op te wek.[48]

---

42 Anon., "...Vereeniging Brick and Tile ...", ..., p. 24.

43 G.V. Swart, Die industriële ontwikkeling van Vereeniging en distrik, 1891-1948 (ongep. manuskrip, UW, 1950), p.10.

44 Anon., "...Vereeniging Brick and Tile ...", ..., p. 24.

45 F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging..., p. 114.

46 *Die Vaderland*, 12.09.1953: Berig.

47 R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, pp. 50-51.

48 R. Christie, *Electricity, industry and class in South Africa*, p. 1; R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., p. 23.

Die Randwaterraad, wat in 1903 gestig was, het 'n groot bydrae in hierdie opsig gelewer. Die instansie het die opdamming van water in die Vaalrivier bewerkstellig en was sedert 1905 vir die verskaffing van water vir menslike gebruik verantwoordelik.[49] Die staat het later 'n bedrag van £12 000 vir die opdamming van water in die Vaalrivier bewillig. Projekte vir die industriële benutting van rivierwater en elektrisiteitsvoorsiening was ook later onderneem. Dit was 'n aangeleentheid wat deur plaaslike bestuur hanteer is.[50]

Teen 1910 het die Witwatersrandse goudmyne 'n behoefte aan 'n kragstasie op die walle van die Vaalrivier gehad. Marks het die gedagte ondersteun. Die *Victoria Falls Power Company* het egter 'n ander plan gehad. Laasgenoemde instansie se onpraktiese voorstel was om elektrisiteit amper 900 kilometer noord van Johannesburg op te wek. Baie energie sou langs hierdie roete verlore raak. Verder het dit ook vrae laat ontstaan oor die gevolge wat moontlike waterskaarste in droogtetye vir sodanige projek kon inhou.[51] Die konstruksie van 'n opwekkingspunt nader aan Johannesburg was meer belowend.

Ná onderhandelings tussen die *Victoria Falls Power Company* en *Vereeniging Estates*, is daar tot 'n vergelyk gekom. Eersgenoemde het alleenreg vir die verskaffing van elektrisiteit gekry. Ter kompensasie het *Vereeniging Estates* onder meer 20 000 opbetaalde aandele in die *Victoria Falls Power Company* bekom. Verder was ooreengekom dat die kragstasie op *Vereeniging Estates* se gronde aan die Vaalrivier, opgerig sou word. Laastens was ooreengekom dat die nabygeleë Cornelia-steenkoolmyn die alleenverskaffer van steenkool sou wees.[52] Elektrisiteitsopwekking het in 1912 'n aanvang geneem. Met die potensiaal om tot 40 000 kW op te wek, het hierdie kragstasie lank die grootste in die land gebly.[53] Die Cornelia-steenkoolmyn het daagliks gemiddeld 1 200 ton steenkool aan

---

49 F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging..., pp. 114-118.

50 VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 88, 169-172, 178-179.

51 P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), ...*die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, p. 5; R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., pp. 23-24.

52 R. Christie, *Electricity, industry and class in South Africa*, p. 37.

53 *Rand Daily Mail*, 27.12.1972: Report; *Sunday Times*, 17.10.1967: Report.

die kragstasie gelewer.[54] Tussen 1912 en 1913 het die myn in totaal 290 641 ton steenkool aan die kragstasie gelewer.[55]

Die *Transvaal Coal Owners Association* het sterk teen die alleenreg op steenkoolverskaffing kapsie gemaak. Aksies van laasgenoemde organisasie het dit vir *Vereeniging Estates* baie moeilik gemaak om hul alleenreg te behou. Die samewerkingsooreenkoms tussen *Vereeniging Estates* en die *Victoria Falls Power Company* het op 'n samesmelting van belange en 'n naamsverandering uitgeloop. Daarvolgens was die kragvoorsiener voortaan die *Victoria Falls and Transvaal Power Company* genoem. Laasgenoemde het bestaan totdat die staat die verskaffing van elektrisiteit in 1922, met die stigting van Eskom, genasionaliseer het. Ontwikkelings op die gebied van goedkoop elektrisiteitsvoorsiening het industriële ontwikkeling landwyd bevorder.[56] Op hierdie manier het Vereeniging 'n bydrae tot industrialisasie in Suid-Afrika gelewer. Hierdie gunstige faktore het ook die weg vir fabriekswese in Vereeniging gebaan.

'n Groeiende vraag na binnelands vervaardigde yster- en staalprodukte was deur die goudmyne, veral ná 1910, geskep.[57] Hierdie bedryf het vinnig die belangrikste in die land geword.[58] Die sekondêre nywerheidsektor het tot stand gekom. Hierdie sektor het hoofsaaklik bestaan uit die bedryfstakke fabriekswese, konstruksie, elektrisiteit, gas en water. Fabriekswese was, in die geval van Vereeniging, as die belangrikste onderdeel uitgesonder.[59]

Gedurende 1910 is 15 000 ton afvalyster deur die Transvaalse Administrasie beskikbaar gestel om teen die hoogste bod verkoop te word. Dit was nie vir die regering winsgewend om dit uit te voer nie. Om die materiaal te bekom, moes die

---

54 M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., p. 17.

55 P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), ...*die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, p. 5.

56 R. Christie, *Electricity, industry and class in South Africa*, p. 1, 32; 36; 41; 44-45; G.C.R. Bosman, *The industrialization of South Africa*, p. 189; V. Bosman (red.), *Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika en fasaliteite vir die oprigting van fabrieke*, pp. 93-97.

57 G.C.R. Bosman, *The industrialization of South Africa*, p. 99.

58 Vgl. V. Bosman (red.), *Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika...*, p. 107.

59 Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., p. 34.

koper bereid wees om bedryfstoerusting aan te skaf, geskik vir die omskakeling van afvalyster in staal.[60] Sammy Marks het die ekonomiese voordeel hiervan besef.[61]

In 'n poging om die nodige fondse te bekom het ene Horace Wright en Sammy Marks met mekaar in aanraking gekom. Die twee Sheffield-genote het in April 1910 'n aanbod op die skroot gemaak. Uit hul vennootskap het Suid-Afrika se eerste staalfabriek tot stand gekom. 'n Verdere afsetgebied vir die plaaslike steenkoolbedryf was hierdeur verseker.[62]

Beide Wright en Marks het die opvatting gehuldig dat dit wel winsgewend was om afvalyster in staal te omskep. Afvalyster was vrylik in die voormalige Transvaal beskikbaar.[63] Lewis het aanvanklik nie in Wright en Marks se optimisme gedeel nie. Alhoewel Wright en Marks se aanbod eers deur die regering afgekeur is, is die hele saak gedurende Maart 1911 in heroorweging geneem. Die regering het op 26 Junie 1911 met Wright en Marks 'n ooreenkoms aangegaan nadat die staat nie hul eerste keuse kon uitoefen nie. Dit het op die stigting van die Suid-Afrikaanse Yster en Staalmaatskappy op 15 November 1911 uitgeloop. Die naam was later na Unie Staalkorporasie (van Suid-Afrika), Beperk (USKO) verander.[64]

Volgens die ooreenkoms met die regering moes die aanvanklike 15 000 ton afvalyster jaarliks met die aankoop van minstens 500 ton aangevul word. Verder het die staat op voorkeurbehandeling aanspraak gemaak, betreffende die tipe produkte wat vervaardig sou word. Die ooreenkoms was vir 'n tydperk van 16 jaar vasgepen.[65] USKO is die reg gegee om tot twee miljoen gellings (d.i. sowat 10

---

[60] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, pp. 23, 28.

[61] C.M. Krüger, "Die betekenis van die yster- en staalnywerheid vir die Unie", *Tegnikon*, vol. 5, nr. 3, Okt. 1952, p. 102; F. Meyer. "The development of the iron and steel industry in South Africa", *The South African Journal of Economics {The quarterly Journal of the Economic Society of South Africa}*, vol. 20, no. 2, June 1952, p. 101.

[62] VT, File 03/145, E. Rosenthal, USCO's half century, p. 8; C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, pp. 24, 28, 49.

[63] SAB, MNW 5, MM 4107/13: *Prospectus of South African Iron and Steel Company (1909)*.

[64] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, pp. 29-35, 49.

[65] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, pp. 34-35.

miljoen liters) water per dag uit die Vaalrivier te gebruik.[66] Die plek, waarop besluit was om die fabriek op te rig, was net 'n paar kilometer vanaf die punt waar onderhandelings na afloop van die Anglo-Boereoorlog plaasgevind het.[67] Ekonomies was die oord ook baie strategies tussen die rivier, spoorwegstasie en spoorlyn na die noorde en naby aan die noordoostelike uithoek van die dorpsgebied geleë.[68]

Die ooreenkoms tussen die nyweraars en die Minister van Mynwese, J.C. Smuts, het verder bepaal dat USKO met 'n kapitaalbedrag van £250 000 tot stand gebring sou word. Daarvan was £75 000 bedryfskapitaal.[69] Wright het £2 500 tot die aanvangsbedrag bygedra terwyl die publiek £23 000 van die eerste £80 000 aan aandele kon bekom. Aandeelhouers, wat teen 1920 op sowat 300 te staan gekom het, was aanvanklik meestal in Engeland woonagtig.[70] USKO-aandele is aanvanklik privaat beskikbaar gestel.[71] Die regering het nie sy weg oopgesien om op enige wyse 'n aandeelhouer te word nie.[72] Hierdie siening was nie eenparig ondersteun nie.

Nie alle parlementslede het die wyse goedgekeur waarop USKO gestig is nie. 'n Parlementêre komitee van ondersoek is aangestel. In hul verslag is bevind dat USKO nie in 'n monopolie sou ontwikkel nie. Dit het beteken dat ander beleggers ook tot dieselfde bedryf kon toetree sonder vrees dat USKO 'n bedreiging vir hulle sou inhou. Na afhandeling van die ondersoek was 'n finale ooreenkoms op 8 Julie 1912 tussen die staat en Wright gesluit.[73]

---

[66] V. Bosman (red.), *Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika...*, p. 119.

[67] M.F. Drake, The iron and steel, metal and engineering industry..., p. 9.

[68] Vgl. kaart 4.1.

[69] SAB, MNW 167, MM 811/10: *Proposal of the South African Iron and Steel Company for the erection of a local plant for the manufacture of iron and steel*, 10.03.1910, pp. 1-4.

[70] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, pp. 48-49.

[71] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, p. 226.

[72] G.V. Swart, Die industriële ontwikkeling van Vereeniging..., p. 12

[73] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, pp. 36-40.

Die eerste 25 mm-staalstaaf is op 1 September 1913 gesmelt en gerol. Verskeie tegniese probleme het die aanvang van produksie twee jaar lank vertraag. Opgeleide vakmanne moes eers van Europa ingevoer word. Nadat produksie 'n aanvang geneem het, het die fabriek 'n tweeledige funksie vervul.[74] Produkte is aan die diamant- en goudmyne sowel as aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë gelewer.[75] Verbruikers van verwerkte staal het deur die jare toegeneem.[76]

Net soos die ontdekking van grondstowwe 'n wesenlike verandering vir die bestaansmoontlikhede van die land en sy mense tot gevolg gehad het, het die uitbreek van Wêreldoorlog 1 'n volgende fase van fundamentele veranderings op nywerheidsgebied ingelui. USKO, danksy die feit dat Lewis en Marks die maatskappy finansieel gerugsteun het, het steeds groei getoon.[77] Een van die eerste gevolge van die uitbreek van die oorlog was 'n afname in die invoer van staalprodukte. Later in die oorlog het dit heeltemal opgedroog.[78] Dit het voordelig in die guns van USKO as binnelandse verskaffer gestrek.[79]

Die mynvereniging het ook 'n bydrae ten opsigte van die omliggende omgewing gelewer. In 1893 het Marks 'n tuinboukundige, Otto Brandmuller, aangestel om populier- en wilgebome op die rivierwalle aan te plant. Dit het later die perseel geword waar 'n eksklusiewe hotel en gholfklub opgerig is.[80] Dit was in die vooruitsig gestel dat die aangeplante bome en struike 'n duidelike verskil aan die aansien van die oewers sou maak. Die verfraaing van die omgewing het groeiende

---

[74] SAB, MNW 5, MM 4107/13: Report, Government Mining Engineer - Secretary of Mines and Industry, 20.12.1913; Anon., *USKO - Geleenthede* (brosjure om werksgeleenthede by USKO bekend te stel, s.a.), p. 1.

[75] VT, File 03/145, E. Rosenthal, USCO's half century, p. 28.

[76] *Die Vaderland*, 12.09.1953: Berig; vgl. par. 4.1.

[77] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, pp. 50, 53.

[78] Anon., *USKO - Geleenthede...*, p. 1.

[79] F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging..., p. 110.

[80] Anon., "...The Vereeniging Estates", ..., pp. 23-24. {Die Riviera-hotel was op die verfraaide rivieroewer opgerig, vgl. VT, Fotoversameling, 03/1121 en 03/1124: Die ou Riviera-hotel.}

belangstelling ontlok.[81]

## 3.2 Die ruimtelike, sosiale - en handelsuitbreiding

Menslike aktiwiteite het 'n bepaalde rol in die vestiging en uitbouing van 'n plaaslike bestuurstelsel.[82] Min inligting oor die verskaffing van basiese gesondheidsdienste in die jare direk na dorpstigting het behoue gebly. Dit blyk wel dat die mynvereniging baie betrokke by gemeenskapsaangeleenthede was. 'n Gebrek aan openbare geriewe en gemeenskapsdienste, in die jare ná dorpstigting, was nadelig vir die inwoners. Groot getalle inwoners het by tye aan ingewandskoors gely. Die mynmaatskappy het die probleem aangespreek deur 'n geneesheer by die mynhospitaal, op die perseel van die *Central*-myn, aan te stel. Die plaaslike gemeenskap het skynbaar antagonisties teenoor meer moderne geneesmiddels gestaan en het verkies om tradisionele medisyne te gebruik.[83]

Behoorlike huisvesting in Vereeniging het sedert die koms van Leslie in 1891 aandag geniet. Hy het vir hom en sy gesin 'n kliphuis in die dorpsgebied opgerig. Die vraag na boustene het teen 1896 aansienlik toegeneem. Verpoeierde kalkklip is aangewend om huise mee af te wit.[84] In opdrag van Sammy Marks het Leslie ook huisvesting by die *Central*-myn opgerig.[85]

Na amptelike dorpstigting het die aktiwiteite in die dorp toegeneem. Die strate was aanvanklik bloot uitgetrapte waspore. In 1893 was twee persone by die pos- en telegraafkantoor werksaam. Die *Grand Hotel* het sedert 1894 bestaan. M. Katzen het die *Royal Hotel* bedryf. Die doeanegebou by Viljoensdrift, 'n aansienlike afstand

[81] SAB, BVE (Custodian of Enemy Property), Band 191, file 22/3, vol.1: Report of the Directors, Submitted at the 42nd annual meeting of stockholders {Vereeniging Estates}, 17.06.1941; vgl. kaart 1.2.

[82] W.L.J. Adlem, "Plaaslike owerhede en konstitusionele vernuwing", D.J. van Vuuren & D.J. Kriek (hoofreds.), *Politieke alternatiewe vir Suid-Afrika: grondslae en perspektiewe*, p. 361.

[83] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 38, 54.

[84] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 73, 82, 93.

[85] T. Oosterbroek (ed.), *Vaal river complex: industrial growth point of the eighties*, p. 123.

suid van die dorp, was in 1895 aan M. Palantsky, die eienaar van die *Grand Hotel*, verkoop. Hy het dit in 'n drankwinkel omskep. Dit was naby aan die kampongs van die swart mynwerkers wat by die Corneliamyn gehuisves was. Terwyl Palantsky handel by die steenkoolmyne gedryf het, was daar teen 1896 agt sinkgeboue in die dorp wat die winkeliers gehuisves het. Palantsky en Katzen het elk ook een van hierdie winkels besit. Benewens die mynkantoor, spoorwegstasie en die geboue wat deur die resident-vrederegter benut is, was die doeanegebou die belangrikste gebou in die dorp. Etlike van hierdie geboue en feitlik die totale infrastruktuur van die dorp, is tydens die Anglo-Boereoorlog vernietig.[86]

Baie mense was tydens en na afloop van die oorlog in 'n konsentrasiekamp oos van die dorpsgebied aangehou. Swak higiëniese toestande en 'n maselepidemie het 'n hoë sterftesyfer tot gevolg gehad. Die kamp was waar USKO later opgerig is.[87] Swartmense was soortgelyk tydens krygsverrigtinge in 'n aparte konsentrasiekamp aangehou. Die owerhede het van die geleentheid gebruik gemaak om te verseker dat swartmense na die oorlog eerder hulself tot die myne sou wend as om na hul deelboerderybedrywighede op die plase van *Vereeniging Estates* terug te keer.[88]

---

[86] Vgl. VT, Fotoversameling, 03/8529: Destruksie, geboue tydens die oorlog; TA, Secretary of Native Affairs (SNA), Band 63, p.141: Letter, Secretary of Native Affairs - Controller of passports, 09.01.1903; TA, Public Works (PW), Band 11, MR 420/94: Letter, S. Marks - J.S.N. Hugo, 30.12.1893; TAB, ZAR 178, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1893*, p. 59; T. Oosterbroek (ed.), *Vaal river complex...*, p. 123; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 31-33, 38.

[87] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 133-134.

[88] Vgl. T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, p. 73; VT, Fotoversameling, 03/8582: Swartmense in konsentrasiekamp.




**FOTO 3.1:**

**Voortrekkerstraat vanuit die suid-ooste, 'n foto geneem ná Uniewording.**

Bron: VT, Fotoversameling, 03/1476.



**FOTO 3.2:**

**Aansig op Beaconsfieldlaan soos dit teen 1909 daar uitgesien het.**

Bron: VT, Fotoversameling, 03/1261.

Met die heropbou na afloop van die oorlog was die eerste kerk in Vereeniging opgerig, naamlik 'n Wesleyaanse Methodiste kapel.[89] Isaac Lewis het 'n aansienlike bydrae tot die oprigting van 'n Joodse sinagoge in die dorp gelewer.[90] Teen 1910 het huise en ander geboue steeds wydverspreid en yl in die dorp voorgekom. Die meegaande foto's toon aan dat geboue van bakstene opgerig is. Die strate was steeds grondpaaie maar bome was op die sypaadjies aangeplant. Telefoonpale was ook langs die strate opgerig. Die infrastruktuur was dus gevestig alhoewel baie gebrekkig.[91] 'n Tronk en hofgebou is intussen ook in die dorp opgerig.[92] Na die proklamering van Vereeniging het vestiging in die dorpsarea teen 'n stadige tempo geskied. Van die 1 000 erwe wat oorspronklik uitgemeet is, was slegs 91 teen 1912 deur die kopers geregistreer.[93]

Onderwysgeriewe vir blankes was aanvanklik ook op inisiatief van die mynbestuur voorsien. Ene A. Evens was tydens die oorlogsjare deur die mynmaatskappy as onderwyser in die plaaslike konsentrasiekamp aangestel. Evens het reeds vantevore in 'n skoolgebou, naby die spoorwegstasie en die *Grand* Hotel, onderwys gegee. Teen 1895 was daar ook 'n privaatskool in die dorp. Die onderwysfasaliteite was egter ontoereikend. Gedurende die oorlog het onderwysfasaliteite ontoereikend vir die steeds groeiende getal kinders in die dorp geword. Die mynvereniging het die saak aangespreek.[94]

Marks het dit noodsaaklik gevind dat die kinders van werknemers aan onderrig blootgestel word. Hy het die eertydse Direkteur van Onderwys gevra om by die oprigting van 'n skool betrokke te raak en sodoende onderwysgeriewe in die dorp beskikbaar te stel. Marks het onderneem om tot £500, teen 'n pond vir 'n pond, vir

---

[89] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 165.

[90] W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, p. 409.

[91] VT, Fotoversameling, 03/1476: Aansig oor Voortrekkerstraat vanuit die suid-ooste, ná 1910; VT, Fotoversameling, 03/1261: Aansig op Beaconsfieldlaan, 1909 {foto's op keersy van p. 71}.

[92] Vgl. TA, MVE 1/1/1, p. 113: Minutes, 5$^{th}$ Urban Board meeting, 05.01.1904; TAB, Kaartafdeling, Kaart S 3/596: Plan van gevangenis, Vereeniging, s.a.

[93] H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., pp. 44-46.

[94] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 54-56.

die oprigting van 'n skool te bewillig.[95] Die Onderwysdepartement het die aangeleentheid positief benader.[96] Later was na die betrokke skool as *Selborne Primary School* verwys.[97]

Skoolgaande swart kinders in die Vereeniging-omgewing het by plaasskole in die omgewing skoolgegaan. Kerke het gewoonlik die oprigting van die skoolgeboue gesubsideer. Ouers het dan self die meubels vervaardig en onderling onderwysers aangestel. Onderwysgeriewe vir swartmense het agteruit gegaan sedert die stelsel van deelboerdery na 1910 deur wetgewing afgeskaal was.[98]

Swart inwoners het 'n ondergeskikte bydrae tot handelsuitbreiding gelewer. Swartmense is by winkels in diens geneem. Hulle het beswaar teen die betaling van basiese geriewe soos waterleiding gemaak. Swart trekarbeiders het in die sjebiens (smokkelkroeë) bymekaargekom. Vermaaklikheidsaktiwiteite is daar vir hulle aangebied.[99] Anders as die blankes wat sportgeriewe soos tennisbane kon benut, het swart arbeiders hulself op tradisionele wyse vermaak. Inwoners van Vereeniging lokasie het ook graag tradisionele bier gebrou en dit tydens samekomste geniet.[100]

Swart mans het in groot getalle hul dienste as trekarbeiders op die myne aangebied. Hierdie verskynsel het tot en met Wêreldoorlog 1 voortgeduur.[101] Onderskeid is tussen die verskaffing van dienste aan blank en nie-blank getref. In Vereeniging was 'n stuk grond buite die dorpsgebied vir die vestiging van

---

[95] TA, Colonial Secretary - Transvaal (CS), Band 2260/01: Letter, Acting Director of Education - Secretary of Administation, 11.06.1901; TA, CS 2260/01: Letter, S. Marks - Director of Education, 05.06.1901.

[96] TA, CS 2260/01: Telegraph, Director of Education - Secretary of Administation, 14.06.1901.

[97] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 80.

[98] Vgl. T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, pp. 80-81,195.

[99] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 93-99, 228, 230-236.

[100] VT, Fotoversameling, 03/8459: Swart mynwerkers, gewikkel in tradisionele danse; VT, Fotoversameling, 03/8436: Mosambiekse trekarbeiders vermaak hulself; VT, Fotoversameling, 03/8455: {Blanke} tennisspelers; S.B. Taaso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

[101] G.M.E. Leistner, *Enkele ekonomiese aspekte van Bantoevolksverhuising en trekarbeid...*, p. 1.

swartmense afgesonder.[102] Swart woongebiede is as reservate en bronne van arbeid beskou, met 'n direkte voordeel vir die blanke gemeenskap.[103]

Dit was die verantwoordelikheid van die swart arbeider om self 'n huis of skuiling op te rig. Belastings, huurgelde en dienstefooie is gehef. 'n Gedeelte daarvan was gebruik om water en basiese sanitêre geriewe te verskaf. In Vereeniging het swartmense 'n verblyftoelaag van een sjieling per maand vir waterleiding en sanitasie betaal. Lewenstoestande in swart woongebiede het egter veel te wense gelaat. Inkomste uit heffings en fooie was nie regmatig, tot dié wat dit betaal het, aangewend nie. Die wyse waarop bestuur oor swartmense toegepas is, was nie daarop gemik om hulle lewensomstandighede drasties te verbeter nie.[104]

## 3.3 Tendense in die bevolkingsvermeerdering

Teen 1893 het die getal manlike werkers te Vereeniging tot ongeveer 1 000 gestyg.[105] Die meerderheid van hulle was by *Brick and Tile*, die spoorweë of op die myne werksaam.[106] In 1896 het die getal manlike burgers in die distrik Roodekoppen, wat dienspligtig was, op 435 te staan gekom. Dit het alle blanke mans 18 jaar en ouer ingesluit. Dit was 'n aanduiding dat die blankes in die distrik in die minderheid was.[107] Teen 1902 het nagenoeg 2 200 mense in Vereeniging gewoon en gewerk. Hiervan was slegs ongeveer 200 blank.[108]

---

[102] Vgl. kaart 2.3.

[103] S.B. Taaso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

[104] Vgl. VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 228-236; S.B. Taaso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

[105] TAB, PW 8, MR 1623/93: Brief, Resident-vrederegter - Staatsingenieur, 18.03.1893.

[106] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 165.

[107] TAB, ZAR 181, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1896*, p. 77.

[108] Vgl. H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., p. 14.

## TABEL 3.1 : BEVOLKINGSGETALLE, 1904 - 1991

| JAAR | SWARTMENSE | BLANKES | KLEURLINGE | INDIëRS | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| *1904* | 380 | 446 | 76 | 0 | 902 |
| *1911* | 1 126 | 594 | 191 | 0 | 1 911 |
| *1921* | 3 242 | 1 836 | 171 | 117 | 5 366 |
| *1936* | 13 414 | 5 487 | 382 | 391 | 19 674 |
| *1946* | 27 723 | 11 742 | 500 | 525 | 40 490 |
| *1951* | 41 155 | 17 322 | 707 | 694 | 59 878 |
| *1960* | 52 424 | 24 564 | 1 024 | 823 | 78 835 |
| *1970* | 46 342 | 34 934 | 2 000 | 1 996 | 85 254 |
| *1980* | 60 920 | 43 420 | 2 760 | 4 220 | 111 320 |
| *1985* | 76 926 | 72 740 | 13 589 | 4 427 | 167 682 |
| *1991* | 135 483 | 83 869 | 23 238 | 7 921 | 250 511 |

Bron: Suid-Afrika (Republiek), Departement van Statistiek, *Bevolking van Suid-Afrika, 1904-1970*, verslag nr. 02-05-12, pp. 46, 156, 264, 407; Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1980*, RP 02-80-01, p. 92; Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1985*, verslag nr. 02-85-03, pp. 114-115, 255; Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1991*, verslag nr. 03-01-01, p. 17.

Indiërarbeiders is voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse oorlog vanaf Natal na Vereeniging gebring. Hulle was veral by die steengroewe werksaam. Die Vrystaatse regering het toestemming aan die 50 werkers verleen om met hul gesinne op die plaas Maccauvlei te vestig. Verskeie van hulle het later handelaars en winkeliers in Vereeniging geword.[109]

Amptelike opnames, soos vervat in tabel 3.1, het getoon dat daar 446 blankes en 456 anderskleuriges teen 1904 in Vereeniging woonagtig was.[110] Daarvolgens was feitlik die helfte van die bevolking blank. Dit was 'n bevinding wat die nie-amptelike syfers van 1902 weerspreek het. Baie mynwerkers was egter nie landsburgers nie.[111] Die Indiërs te Maccauvlei het wel in Vereeniging gewerk maar was inwoners van die Vrystaat. Volgens die 1904-opname was daar geen Indiërs in Vereeniging te vinde nie.

Baie trekarbeiders is ook eerder by die plek van hul herkoms in aanmerking geneem. In hierdie tyd was daar baie klagtes oor die feit dat weinig beheer oor die verkeer van swartmense by die steenkoolmyne uitgeoefen is. Groot getalle swartmense in die omgewing is as drosters beskou. Hulle het nie 'n wettige pas gedra nie en sou vanselfsprekend nie aan 'n amptelike opname wou deelneem nie.[112] Die nie-amptelike opname van 1902 het daarom 'n meer betroubare beeld verskaf van die mense wat in Vereeniging gewoon en gewerk het. Die blanke getalle van 1904 was waarskynlik die mees betroubare getal.

---

[109] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 60; VT, Fotoversameling, 03/8423: Indiërvroue verkoop vis.

[110] Suid-Afrika (Republiek), Departement van Statistiek, *Bevolking van Suid-Afrika, 1904-1970*, verslag nr. 02-05-12, pp. 46, 156, 264, 407; Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1980*, RP 02-80-01, p. 92; Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1985*, verslag nr. 02-85-03, pp. 114-115, 255; Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1991*, verslag nr. 03-01-01, p. 17 {tabel 3.1, p. 74-keersy}.

[111] R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., pp. 21-22.

[112] TA, SNA 63, p. 141: Letter, Secretary of Native Affairs - Controller of passports, 09.01.1903.

Teen 1911 het die amptelike bevolkingsopname getoon dat daar in totaal 1 915 mense in Vereeniging woonagtig was. Hiervan was 59% swart.[113] Gemeet aan die 1902-syfers en gegewe die motivering hierbo, was die 1911-opname weer eens nie korrek wat die getal swart trekarbeiders betref het nie. Die amptelike opname het eerder die getal mense in die dorp en swartmense met 'n geldige pas in die lokasie weerspieël. Indiërwerkers was ook nie in 1911 as inwoners gereken nie.

## 3.4 **Plaaslike bestuursaangeleenthede**

Plaaslike bestuur in Vereeniging het sy beslag in 1892 met die aanstelling van Hoffman as resident-vrederegter gekry. Hy was deur die regering aangestel en daarom was dit weliswaar nie 'n vorm van demokratiese bestuur nie. Hoffman het dit vanuit die staanspoor moeilik gevind om sy menigvuldige pligte alleen uit te voer. In die bestek van een maand het hy byvoorbeeld 144 hofsake hanteer. Behalwe vir administratiewe take en hofsake, moes Hoffman boonop oor die tronk toesig hou. Hy kon nie alles behartig nie en het die hulp van ene L.W. van Dyk ingeroep om hom tydens hofsake by te staan. Van Dyk het sonder vergoeding sy hulp vir Hoffman aangebied. Derhalwe het laasgenoemde die staatsprokureur versoek om Van Dyk behoorlik aan te stel. Hoffman het gevra dat, indien Van Dyk nie aangestel kon word nie, hy ten minste van 'n tronkbewaarder voorsien moes word. Die resident-vrederegter het sy versoek later herhaal en die regering gewaarsku dat hy nie die werksdruk kon hanteer nie.[114]

---

[113] Vgl. tabel 3.1.

[114] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 164-165: Brief, J.S. Hoffman - Staatsprokureur, 21.09.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 166-167: Brief, J.S. Hoffman - Staatsprokureur, 12.10.1892.

Dit is ook onder die aandag van die regering gebring dat die plaaslike resident-vrederegter na regte nie veronderstel was om ook belasting in te vorder nie.[115] Die staatsprokureur het die aanstelling van 'n assistent vir die resident-vrederegter gunstig oorweeg. Dit het egter vorendag gekom dat Van Dyk nie 'n burger van die ZAR was nie. Derhalwe kon sy aanstelling nie gemagtig word nie.[116] Dit het Hoffman laat besluit om die tuig na net ses maande neer te lê.[117] Van Dyk het homself dadelik vir aanstelling in die vakante pos beskikbaar gestel.[118]

Die staat het egter ten gunste van ene J.S.N. Hugo besluit. Hoffman se bedanking is aanvaar waarna Hugo, met die aflegging van 'n eed, die vakante resident-vrederegterspos vanaf 17 Desember 1892 gevul het.[119] Hoffman het daarop voortgegaan om sy verpligting as belastinggaarder te behartig. Hy is vanaf 1893 deur 'n boekhouer en twee klerke bygestaan.[120]

Hugo het gevoel dat die jurisdiksie van die resident-vrederegter uitgebrei moes word. Die gebied buite die dorpsgronde was onder die beheer van die veldkornet vir die wyk Kliprivier, J.G. Meyer. In daardie stadium kon die resident-vrederegter geen jurisduksie oor die steenkoolmyne, spoorwegstasie en steenwerke uitoefen nie terwyl probleme eerder daar as in die dorpsgebied voorgekom het. Verder wou hy sy taak vanuit nuwe geboue uitvoer. Hy het versoeke in dié verband aan die owerheid gerig. Die regering het egter slegs die betaande geboue opgeknap.[121]

---

[115] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 181-182: Brief, J.S.N. Hugo - Staatsekretaris, 17.05.1892.

[116] TAB, SS 3145, R 137/92, p. 163: Brief, Staatsprokureur - Staatsekretaris, 29.09.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, p. 168: Memorandum, Staatsprokureur - J.S. Hoffman, 19.10.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 170-171: Brief, J.S. Hoffman - Staatsprokureur, 20.10.1892.

[117] TAB, SS 3145, R 137/92, p. 174: Telegraaf, Resident-vrederegter - Staatsekretaris, 17.11.1892.

[118] TAB, SS 3145, R 137/92, p. 177: Brief, L.W. van Dyk - Staatsekraris, 17.11.1892.

[119] TAB, SS 3145, R 137/92, p. 183: Brief, Staatsekretaris - J.S. Hoffman, 13.12.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, p. 190: Brief, J.S.N. Hugo - Staatsekretaris, 28.11.1892.

[120] TAB, ZAR 177, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1892*, p. 36; TAB, ZAR 178, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1893*, p. 146; TAB, ZAR 179, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1894*, p. 172.

[121] TAB, ZAR 180, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1895*, p. 60; H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., pp. 9-10.

Die vernaamste oortredings waaroor Hugo uitsluitsel moes gee, was die versuim van swartmense om 'n pas te dra, dronkenskap, diefstal en bedrog. Hugo het in baie gevalle net 'n boete opgelê.[122] In 1894 was 1 000 arrestasies deur die vier polisiemanne in sy diens gemaak. 'n Bedrag van £337.7.6 was aan boetegeld ingevorder. Dit het minder probleme geskep as om oortreders tronkstraf op te lê. Ontsnappings uit die Vereenigingse tronk het gereeld plaasgevind. In die ZAR het Vereeniging en Johannesburg gedurende 1896 die hoogste statistieke in dié verband getoon. Alhoewel 12 van 22 ontsnaptes in 1896 in Johannesburg weer aangekeer was, het 21 ontsnaptes uit Vereeniging-tronk skotvry gebly.[123]

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was wysigings ten opsigte van die jurisduksie van die resident-vrederegter aangebring. Ses jaar het sedert Hugo se aanvanklike versoek in dié verband verloop. Omliggende plase was voortaan onder sy jurisduksie geplaas. Dit het die vrouens en kinders, wat alleen op die plase agtergebly het nadat die mans vir krygsdiens aangemeld het, tot voordeel gestrek. Hugo het voortaan ook die bewaking van die brug oor die Vaalrivier behartig. Hy moes ook verblyfpermitte aan Britse onderdane, paspoorte en vervoerorders uitreik.[124]

---

[122] TAB, Staatsprokureur (SP), Band 50: Verslag, J.S.N. Hugo - Staatsprokureur, 17.08.1894.

[123] TAB, ZAR 181, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1896*, pp. 275-278; TAB, ZAR 179, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1894*, p. 192.

[124] H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., p. 10.

Vereeniging was gedurende 1900 deur die Britse besettingsmag ingeneem.[125] Dit het die resident-vrederegterstydperk beëindig. Hierop het Hugo die dorp verlaat en hom in die Wes-Transvaal gevestig. 'n Britse regiment het daarna die omgewing rondom die myne en rivieroorgange bewaak.[126] Die Britse besetting het wysigings aan die bestaande bestuurstelsel tot gevolg gehad. Die nuwe assistent-distrikkommissaris, kaptein Walter G. Bentinck, het homself in die huis van dr. T.N. Leslie gevestig.[127] 'n Assistent-residentmagistraat is aangestel om voortaan alle plaaslike regsake te hanteer. Hierdie pos was aanvanklik deur E.T. Baines gevul.[128] 'n Magistraatshof en die kantoor van 'n distrik-kommissaris het in 1902 in Heidelberg tot stand gekom. H.H. Cowie het toe as resident-magistraat van Vereeniging by Baines oorgeneem.[129]

Vredesonderhandelinge het, na afloop van krygsverrigtinge, in Vereeniging plaasgevind. Sammy Marks het dit as die ideale onderhandelingsplek voorgestel.[130] Die ondertekening van die Vrede van Vereeniging het vrede en orde herstel. Vredestydse werksaamhede het weer in Vereeniging hervat. Die dorp het weer 'n toevlugsoord vir mense geword wat tydens die oorlog weggetrek het. Baie mense wat in die konsentrasiekampe in aanhouding was, het na die dorp teruggekeer.[131] Veral swartmense wat werk gesoek het, het 'n toeloop na die dorp veroorsaak. Dit het tot gevolg gehad dat Vereeniging tot arbeidsdistrik geproklameer was. 'n Pasbeampte is aangestel. Later was dié posbenaming na *Collector of Native Tax* gewysig.[132]

---

[125] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 43.

[126] H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., pp. 10-12.

[127] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 133; TA, Political Secretary (PSY), Band 59, DC 56/00, p. 89: Telegraph, Political Secretary - District Commissioner, Heidelberg, 06.08.1900; VT, Fotoversameling, 03/8572: Leslie tydens die oorlog woonagtig op mynperseel; VT, Fotoversameling, 03/8568: Die woning van Leslie, beset deur die Britte.

[128] TAB, T166: Inventaris, Resident-magistraat Vereeniging, 1900-1914, pp. 2-3.

[129] TA, PSY 55, DC 98/00, p.183: Telegraph, District Commissioner, Heidelberg - State Secretary, 10.08.1900; TAB, T166: Inventaris, Resident-magistraat Vereeniging, 1900-1914, pp. 1-2.

[130] W. Albertyn (red.), *Amptelike Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek, 1979*, p. 327.

[131] Vgl. TA, MVE 1/1/1, p.2: Minutes, 1st meeting of the Health Board, 23.01.1902; VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p.140.

[132] H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., p. 13.

Die *Zuid-Afrikaanse Republiek* was, as uitvloeisel van die oorlog, in 'n Britse kolonie omskep. Daarna was dit onder Kroonkoloniebestuur en -administrasie geplaas. Die herinstelling van burgerlike bestuur het ook met bepaalde veranderings, ten opsigte van dorpsbestuur, gepaard gegaan.[133] Vir die herontluikende gemeenskap het nuwe vooruitsigte op plaaslike bestuursvlak voorgelê.

Sanitêre geriewe het tydens die oorlogsjare veel te wense gelaat, vernaamlik in die konsentrasiekamp.[134] Dit het assistent-kommisaris Bentinck daartoe genoop om 'n behoorlike bestuurstelsel op die been te bring. Bentinck het Leslie tot die stigting van 'n sanitasiekomitee gekoöpteer. In dié verband het assistent-residentmagistraat, E.H.M. Baines, op 11 Desember 1901 'n amptelike versoek tot die regering gerig. Hierin het hy die instelling van 'n Gesondheidsraad in Vereeniging bepleit. Vroeg in 1902 het die koloniale sekretaris van Transvaalkolonie die bestaande sanitasiekomitee in 'n Gesondheidsraad omskep.[135] Kragtens hierdie proklamasie het 'n verkose dorpsbestuur sy beslag in Vereeniging gekry.

Verkose plaaslike owerhede in Suid-Afrika het ten doel om gehad om die higiëniese en gesondheidstoestande in verstedelikte gebiede te bevorder.[136] Die funksionele bedrywighede van plaaslike bestuur was selfs meer omvangryk. Dienste het ook die aanlê en versorging van paaie, sypaadjies en 'n dreineringstelsel ingesluit. Water en elektrisiteit moes voorsien word. Parke, ontspanningsoorde, begraafplase en die algemene bewaring van die omgewing moes aandag kry. Vullisverwydering en 'n abattoir (openbare slagpale) moes in 'n deeglik beplande deel van die dorp beskikbaar wees. Gemeenskapsbou, behuising en lisensies was alles deel van die omvangryke take van gestruktureerde plaaslike bestuur.[137]

---

[133] W. Albertyn (red.), *Amptelike Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek, 1979*, p. 327.

[134] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 134.

[135] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 56; H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., p. 14.

[136] H.J.N. Kotzé (samesteller) e.a., *Aspekte van munisipale regering en administrasie*, p. 3.

[137] J.J.N. Cloete, *Munisipale regering en administrasie in Suid-Afrika*, pp. 155-156.

Teen hierdie agtergrond het die Gesondheidsraad van vyf lede sy werksaamhede in Vereeniging begin. E.T. Baines, die voormalige assistent-residentmagistraat, was die voorsitter met J.D. Hughes, E.M. Goodwin, T.N. Leslie en A. Evens, die skoolhoof, as lede.[138] Die Gesondheidsraad het jurisduksie oor die geproklameerde dorpsgebied en aangrensende dorpsgronde uitgeoefen. Die restant van die plaas Leeuwkuil, asook 'n gedeelte van die plaas Klipplaatdrift wes van die Kliprivier, was ingesluit.[139]

Die eerste vergadering van die Gesondheidsraad is op 23 Januarie 1902 gehou. Dr. P. Marshall was as die dorp se gesondheidsinspekteur aangestel. Alfred Stahmer was sekretaris van die raad. Die Gesondheidsraadslede was voornemens om dieselfde doelwitte as die voormalige sanitêre komitee na te streef. Dit het gesondheid, sanitasie en die algemene behoeftes van veral die burgers wat steeds in die konsentrasiekamp woonagtig was, ingesluit.[140]

Die eerste algemene vergadering van die Gesondheidsraad was dan ook hoofsaaklik daaraan gewy om die gesondheidstoestande in die plaaslike konsentrasiekamp te bespreek. Die superintendent van die kamp het versoek dat afval en vuil water uit die kamp verwyder word. Die Gesondheidsraad het ooreengekom om dit hul eerste projek te maak. Daar was onderneem om vullisverwydering in die kamp teen vyf sjielings per emmer te behartig. Inwoners van die kamp asook dorpenaars moes oor die werksaamhede van die nuwe Gesondheidsraad ingelig word. Daar is besluit om 12 afskrifte van die Administrateurskennisgewing, met betrekking tot die Gesondheidsraad, onder inwoners te versprei.[141] Die Gesondheidsraad het Baines en Leslie in 1903 aangesê om alle bouplanne na te sien en goed te keur.[142]

---

[138] Transvaal Colony, "Health Board for the towns of Heidelberg and Vereeniging", Government Notice no. 5, *Government Gazette*, vol. 4, nr. 101, 03.01.1902, p. 7; W. Albertyn (red.), *Amptelike Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek, 1979*, p. 327; VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 163.

[139] TAB, T238: Inventaris van die stadsklerk, Vereeniging, 1902-1936, p. 2.

[140] TA, MVE 1/1/1, p. 2: Minutes, 1st Health Board meeting, 23.01.1902.

[141] TA, MVE 1/1/1, p. 3: Minutes, 1st Health Board meeting, 23.01.1902.

[142] TAB, T238, Inventaris van die stadsklerk, Vereeniging, 1902-1936, p. 2.

Die Gesondheidsraad het nog 23 vergaderings tot November 1903 gehou. Tydens hul laaste vergadering was mnre. E.T. Baines, T.N. Leslie, W.R. Wilson en M. Patlansky teenwoordig. Alle verantwoordelikhede, bates en laste van die Gesondheidsraad was aan 'n nuwe Stedelike Distriksraad oorgedra.[143] Dit was die gevolg van verhoogde status wat die plaaslike bestuursraad te beurt geval het. Kragtens artikel 73 van die ***Municipal Corporations Ordinance***, Ordonnansie nr. 58 van 1903, het die Gesondheidsraad van Vereeniging verhoogde status met ingang 17 November 1903 verkry. 'n Stedelike Distriksraad is ingestel.[144] Inwoners van ander, ouer dorpe het ook sedert 1903 vir die eerste keer die geleentheid gekry om lede van dorpsrade te verkies.[145]

Die ordonnansie het 'n verhoging in die getal raadslede toegelaat en die pligte, magte en verkiesingsprosedure van 'n Stedelike Distriksraad uiteengesit. Die nuwe raad het uit sewe lede bestaan.[146] Hulle was tydens 'n openbare vergadering deur die inwoners verkies. Die Stedelike Distriksraad het beperkte magte gehad maar het nietemin heelwat struktuurveranderinge in die administrasie en algemene bestuur van die dorp aangebring.[147]

Op dieselfde dag waarop die laaste vergadering van die Gesondheidsraad gehou is, het die eerste vergadering van die Stedelike Distriksraad plaasgevind. Hiertydens was W.R. Wilson as voorsitter en A. Stahmer as permanente sekretaris aangewys.[148] Laasgenoemde was daarvoor verantwoordelik om die administrasie, korrespondensie en notules van die verskillende subkomitees te behartig. Dr. Currie

---

143 TA, MVE 1/1/1, p. 79: Minutes, 23rd Health Board meeting, 23.11.1903

144 TAB, T238: Inventaris van die stadsklerk, Vereeniging, 1902-1936, p. 2.

145 Vgl. J.J.N. Cloete, "Die ontstaan en ontwikkeling van munisipale bestuur en administrasie van Pretoria...", ..., pp. 210-211.

146 Transvaal Colony, "Proclamation by His Excellency the Lieutenant-governor of the Transvaal", Government Notice no. 51, *Government Gazette*, vol. 7, no. 225, 30.10.1903, p. 1100.

147 VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 164-165; Transvaal Colony, "Proclamation by His Excellency the Lieutenant-governor of the Transvaal", Government Notice no. 52, *Government Gazette*, vol. 7, no. 225, 30.10.1903, pp. 1100-1102.

148 TA, MVE 1/1/1, p. 82: Minutes, 1st Urban District Board meeting, 23.11.1903.

is as mediese beampte van die raad aangewys. Daar is van hom verwag om voortaan alle raadsvergaderings by te woon.[149]

Gedurende die daaropvolgende vergadering, in Desember 1903, is die bestuursaktiwiteite verder uitgebrei. Vier subkomitees was op die been gebring, naamlik 'n Ordonnansiekomitee, Finansiële komitee, Gesondheidskomitee en Werkekomitee. Dr. T.N. Leslie het inspraak in drie van hierdie subkomitees gehad.[150] Dit was duidelik dat hy 'n belangrike rol in die geskiedenis van die dorp vervul het.

Die Stedelike Distriksraad het regulasies uitgevaardig en bekend gemaak, beheer oor boekhouding en die swart woonarea toegepas, weidingsregte toegeken en besigheidslisensies uitgereik. Beheer en instandhouding van die slagpale was ook behartig. Geld is ingevorder en vervolgingsaksies was ingestel.[151] Met hierdie uitgebreide funksies was dit begryplik dat die raad se kantoor-fasaliteite dienooreenkomstig uitgebrei moes word.

Tydens die vyfde algemene vergadering van die Stedelike Distriksraad, in Januarie 1904, het die samekomsplek van die raad onder bespreking gekom. Tot op daardie tydstip het alle vergaderings, insluitend dié van die voormalige Gesondheidsraad, in die hofgebou plaasgevind. Raadslid Patlansky het dit as noodsaaklik beskou dat die raad vanuit sy eie gebou moes funksioneer.[152] Die kwessie was in die daaropvolgende vergadering verder gevoer. Raadslid Cunningham het die voorstel van die vorige vergadering ondersteun waarop die raad dit aanvaar het. Die kwessie was vir verdere oorweging na die Finansiële komitee verwys.[153] Op 1

---

[149] H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., p. 15.

[150] TA, MVE 1/1/1, pp. 84-86: Minutes, 2nd Urban District Board meeting, 01.12.1903.

[151] TA, MVE 1/1/1, pp. 106-114: Minutes, 2nd Urban District Board meeting, 05.01.1904.

[152] TA, MVE 1/1/1, p. 113: Minutes, 5th Urban District Board meeting, 05.01.1904.

[153] TA, MVE 1/1/1, p. 117: Minutes, 6th Urban District Board meeting, 14.01.1904.

November 1904 is die laaste raadsvergadering in die hofgebou waargeneem.[154] Die kantore van die eertydse ZAR-doeaneloods het daarna as raadskantore gedien.[155]

Die verkryging van nuwe kantoor-fasaliteite was nie die enigste teken van die uitbouing van plaaslike bestuur nie. Nog voor die ingebruikneming van die nuwe kantore, het die Stedelike Distriksraad weer eens in 1904 verhoogde status te beurt geval. 'n Volle jaar het nog nie eens sedert die vorige statusverhoging verloop nie. Die groeiende inwonertal het dit moontlik gemaak. Die Stedelike Distriksraad was ontbind toe Vereeniging by wyse van proklamasie gedurende 1904 tot 'n kleiner munisipaliteit (*minor municipality*) geproklameer is. Vanaf 13 September 1904 het die plaaslike raad van Vereeniging as 'n munisipale raad gefunksioneer. Hiermee het die termyn van die Stedelike Distriksraad verstryk.[156]

Vereeniging, as kleiner munisipaliteit, was daarop geregtig om nege portefeuljes in die raad te vul. Die sekretaris, wat tot dusver in 'n tydelike hoedanigheid aangestel was, het daarna 'n permanente betrekking beklee. Stahmer het hierdie taak tot op 31 Januarie 1906 verrig.[157] Tydens die eerste vergadering van die munisipale raad van Vereeniging, is T.N. Leslie tot voorsitter verkies. Leslie het hierdie taak met ywer aangepak. Onder andere het hy gepoog om die dorpsgebied beter te ontwikkel deur 'n ruiltransaksie te wysig wat in 1897 tussen Lewis en Marks en die regering aangegaan was. Hy het probeer om die owerheid daarvan te oortuig dat die 126 dorpserwe, wat aan die regering behoort het, nie bloot aan nie-regeringsinstansies uitgereik moes word nie. Die regering is gevra om die 100 erwe wat nog beskikbaar was, aan die raad oor te dra. In ruil hiervoor het hy 300 morg (257 ha) grond, teenaan die dorpsgebied, aangebied.[158] Die regering het eers teen

[154] Vgl. TA, MVE 1/1/1, p. 187: Minutes, 23rd Municipal Council meeting, 01.11.1904.

[155] TA, MVE 1/1/1, p. 191: Minutes, 24th Municipal Council meeting, 06.12.1904.

[156] TA, MVE 1/1/1, pp. 171-174: Minutes, 20th Urban District Board meeting, 13.09.1904; TA, MVE 1/1/1, pp. 175-181: Minutes, 21st Municipal meeting, 13.09.1904.

[157] TAB, T238: Inventaris van die stadsklerk, Vereeniging, 1902-1936, pp. 3, 6.

[158] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 161-162.

1910 aan sy versoek gehoor gegee.[159] Dit was duidelik dat Leslie praktiese planne vir gesentraliseerde dorpsontwikkeling gehad het.

'n Nuwe administratiewe stelsel is ook vir die munisipaliteit ontwikkel. Raadslid H.C. Dixon was van mening dat die administratiewe stelsel van die munisipaliteit van Heilbron baie effektief was. Daarvolgens was 'n stadsklerk aangestel. Die stadsklerk was die hoof uitvoerende beampte van die raad. Hy was ook markmeester, gesondheidsinspekteur, skutmeester, begraafplaasopsigter en toesighouer oor die bou van en onderhoud op dorpstrate. Verder was hy ook superintendent van die lokasie en was hy vir die instandhouding van alle munisipale toerusting en eiendom verantwoordelik. 'n Assistent-stadsklerk moes hom in die volvoering van sy pligte bystaan. Op aanbeveling hiervan was die Heilbronse stelsel voortaan ook in Vereeniging toegepas. Dit het verhoogde status vir die sekretaris tot gevolg gehad. Voortaan was na hom as stadsklerk verwys.[160]

Raadslid Stahmer en mnr. L. Abrahams was onderskeidelik as stadsklerk en assistent-stadsklerk aangestel.[161] Die assistent-stadsklerk het veral klerklike werk in die munisipale kantore behartig. Ten einde al die betrokke departemente behoorlik te bestuur, het die assistent-stadsklerk ook al die uitvoerende magte van die stadsklerk gehad en derhalwe al sy verantwoordelikhede gedeel.[162]

---

[159] TA, Department of Bantu Administration and Development (BAO), Band 6523, File 33/313(T)-21: Memorandum, Department of Bantu Administration and Development - Controlling officer, Urban areas {Vereeniging}, 20.11.1959.

[160] TA, MVE 1/1/2, pp. 14-15: Minutes, 36th Urban District Board meeting, 30.11.1905; TA, MVE 1/1/2, pp. 14-15: Minutes, 42nd Municipal Council meeting, 15.02.1906.

[161] TA, MVE 1/1/1, p. 112: Minutes, 5th Urban District Board meeting, 05.01.1904; TAB, T238: Inventaris van die stadsklerk, Vereeniging, 1902-1936, p. 6.

[162] B. Deysel, Onderhoud, 14.11.1992 {Voormalige hoof van die Vaal Teknorama, in diens van die Stadsraad van Vereeniging, inligting in besit van skrywer}.

Die administratiewe pligte van die stadsklerk het verantwoordelikhede soos die algemene toesig en uitvoering van alle aangeleenthede van die raad, die opstel van sakelyste en skryf van notules, die bestudering van werkstukke en ander verslae ingesluit.[163] Hy was ook vir die behoorlike uitvoering van opdragte in alle departemente, afdelings en/of vertakkings van die raad verantwoordelik, soos deur die plaaslike bestuur opgelê. Elke departementshoof het daarom aan die stadsklerk gerapporteer. Dit was ook die taak van die stadsklerk om toe te sien dat behoorlike kommunikasie tussen die raad en alle onderlinge departemente, afdelings en vertakkings daargestel word. Die stadsklerk het take aan ondergeskikte amptenare toegewys. Hy het dus die uitvoerende beampte van die raad geword. Amptenare is aangestel en verskeie subkomitees was onder sy toesig gevorm.[164]

Die munisipale raad het op die grondslag van staande komitees gefunksioneer. Aan elke staande komitee was bepaalde take opgedra. Besprekings en aanbevelings was ten tyde van die raad se algemene vergaderings ter tafel gelê. Vier subkomitees het die raad ondersteun, te wete die Finansiële komitee, Algemene Sakekomitee, Gesondheidskomitee en 'n Werkekomitee. Die Algemene Sakekomitee was in 1905 gevorm terwyl die ander subkomitees reeds deur die Gesondheidsraad tot stand gebring is.[165]

Alle geldsake is deur die Finansiële komitee hanteer. 'n Maandelikse inkomste- en uitgawestaat moes aan die raad voorgelê word. Die jaarlikse begroting van die raad was 'n bykomende verpligting van hierdie subkomitee. Die begroting was aan die raad vir oorlegpleging en goedkeuring voorgelê. Hiervan moes 'n afskrif aan die owerheid gestuur word.[166]

---

163 TA, MVE 1/1/2, p. 58: Minutes, 42$^{nd}$ Municipal Council meeting, 15.02.1906.

164 B. Deysel, Onderhoud, 14.11.1992 {Voormalige hoof van die Vaal Teknorama, in diens van die Stadsraad van Vereeniging, inligting in besit van skrywer}.

165 TAB, T238: Inventaris van die stadsklerk, Vereeniging, 1902-1936, pp. 2-3.

166 Vgl. TA, MVE 1/1/3, p. 13: Minutes, 64$^{th}$ Municipal Council meeting, 31.10.1907.

Die Algemene Sakekomitee het alle algemene sake behartig. Dit het onder andere die registrasie van kiesers ingesluit. Aandag is ook aan ontspanningsgeriewe langs die Vaalrivier gegee. Visvangregulasies was ook die subkomitee se verantwoordelikheid. Hengel, aan die rivieroewers, was 'n gewilde tydverdryf.[167] 'n Ontspanningsbeampte is aangestel. Dit was sy taak om beheer oor bote en die swemgeriewe by die rivier uit te oefen. Hy het toegesien dat boot- en swemregulasies nagekom word. Tereg was na hierdie beampte as *Boatman* verwys.[168] Die Algemene Sakekomitee het soms ook regatta's vir die gemeenskap aangebied.[169]

Die Gesondheidskomitee moes onder andere die sanitêre dienste in die dorp monitor. Die sogenaamde Woodstock sanitêre stelsel was in die dorp in bedryf gestel. Dit het vereis dat 'n opsigter toesig moes hou. Volgens die Woodstock-stelsel is onhigiëniese materiaal van huis tot huis verwyder. Elke huishouding is van 'n emmer voorsien. Osse is ingespan om die nagkar deur die dorp te trek. Emmers is behoorlik ontsmet. Teen 1905 het die stelsel 'n jaarlikse uitgawe van £337 tot gevolg gehad. Dit was ook die taak van die Gesondheidskomitee om die geboortes en sterftes in die dorp aan te teken. Tred moes ook met die gevare van oordraagbare siektes gehou word.[170]

---

[167] TA, MVE 1/1/3, p. 15: Minutes, 64th Municipal Council meeting, 31.10.1907; TAB, T238: Inventaris van die stadsklerk, Vereeniging, 1902-1936, p. 3; VT, Fotoversameling, 03/8475: Hengelaars langs die Vaalrivier.

[168] TA, MVE 1/1/2, p. 58: Minutes, 42nd Municipal Council meeting, 15.02.1906.

[169] TA, MVE 1/1/3, p. 15: Minutes, 64th Municipal Council meeting, 31.10.1907.

[170] TA, MVE 1/1/2, pp. 14-15: Minutes, 36th Urban District Board meeting, 30.11.1905; TA, MVE 1/1/3, p. 19: Minutes, 64th Municipal Council meeting, 31.10.1907.

Sake van uiteenlopende aard is deur die Werkekomitee hanteer. Take soos die gelykploeg van die stasieplein en onderhoud van parke is uitgevoer. Dié subkomitee moes ook die instandhouding en verbetering van paaie en strate behartig. In 1905 was die pad tussen die dorp en steenkoolmyne, verder suid, met gruis bedek. Take soos die aanplant van bome op die sypaadjies in die dorp was ook onderneem. Swart inwoners was egter self van bome voorsien waarop hulle dit volgens munisipale voorskrifte na willekeur in die lokasie kon aanplant. Die Werkekomitee het aanbeveel dat 'n definitiewe hoofstraat vir die dorp ontwikkel moes word en dat die uitgawe hieraan verbonde van die staat verhaal moes word. Derdestraat, vanweë sy verbinding met Johannesburg, is gevolglik opgegradeer. Straatlampe is in 1906 ten bedrae van £6 opgeknap. Twee tennisbane is ook by die tennisklub opgerig.[171]

Die stadsingenieur en sy assistent was vir die inspeksie van die sanitêre stelsel in Vereeniging verantwoordelik. Inspeksies is ook op die skut, in die swart woongebied en by die begraafplaas uitgevoer. Regulasies oor die benutting van hierdie dienste was in samewerking met die ploegbaas behartig. Laasgenoemde het die stadsingenieur hoofsaaklik met inspeksies en die opstel van regulasies bygestaan. In 1911 is besluit om 'n assistent-ploegbaas aan te stel.[172]

Tydens die munisipale raadsvergadering van 30 November 1905 het die raad besluit om 'n sentrale sakegebied in die dorp af te baken. Daar is besluit om die hele Derdestraat daarvoor af te sonder. Verder was gedeeltes van Vierde en Vyfde Straat, oorkant die markplein, asook die stasieplein uitgesonder. Gedeeltes van Sewende tot Negende Laan, vanaf die Markplein tot by die stasieplein, het ook deel van die sakekern geword.[173] Raadslede het ook in 1906 besluit om 'n gedeelte van hul kantore te ontruim sodat 'n biblioteek tot die inwoners se beskikking gestel kon

---

[171] TA, MVE 1/1/2, p. 6: Minutes. 35th Municipal Council meeting, 07.11.1905; TA, MVE 1/1/1, pp. 136, 138: 50th Municipal Council meeting, 30.08.1906; TA, MVE 1/1/3, pp. 17, 21: Minutes, 64th Municipal Council meeting, 31.10.1907.

[172] H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., p. 16.

[173] TA, MVE 1/1/2, p. 16: Minutes. 36th Municipal Council meeting, 30.11.1905; vgl. kaart 2.2. {Vierde- en Vyfdestraat het later onderskeidelik Leslie- en Joubertstaat geword. Sewende-, Agste- en Negendelaan het later Mark-, Beaconsfield en Senator Markslaan geword.}

word.[174] Die openbare biblioteek was vanaf 1912 in 'n vertrek van Leslie se huis gehuisves. Hy het die meeste van die aanvanklike boekeversameling geskenk.[175]

Die raad het deurentyd probleme van sy eie hanteer. Nie alle inwoners was daartoe geneë om van die dienste van die raad gebruik te maak nie. Dit het Leslie daartoe genoop om regshulp in te win. Hy het inwoners sodoende gedwing om hulself aan dorpsbestuur te onderwerp. Die raad het dit ook moeilik gevind om die vestiging van Indiërs in Vereeniging te hanteer. Regeringsbeleid was vaag en derhalwe is besluit om Indiërs in die sogenaamde Asiatiese Bazaar te vestig. Hulle is vanaf Desember 1904 op hierdie gedeelte van die dorpsgrond, aangrensend tot die bestaande lokasie, gevestig.[176]

'n Konsep Kiesers-ordonnansie is gedurende 1911 vir kommentaar aan die Munisipaliteit van Vereeniging voorgelê. Dit het bepaal dat alle kleiner dorpe voortaan as ***village councils*** bestuur sou word. 'n Klassifikasiestelsel was deur die Ordonnansie vereis. Daarvolgens sou bevolkingsgetalle voortaan as die norm van 'n dorp of stad se status beskou word. Die bevolkingsgetalle van Vereeniging het derhalwe 'n verlaging in status genoodsaak. Hierteenoor het die dorp op die punt gestaan om aansienlik uit te brei aangesien die planne vir die totstandkoming van USKO ver gevorder was.[177]

Raadslede het beswaar rakende drie aspekte van die Konsep-ordonnansie aangeteken. Die algemene gevoel was dat die wyse waarop die verkiesing van raadslede moes plaasvind, die beperkings wat die Ordonnansie op die funksionering van die raad plaas en die term ***village councils*** onaanvaarbaar was. Die raad was van mening dat die term onder Suid-Afrikaanse omstandighede onvanpas was en dat dit eerder op plattelandse dorpies in byvoorbeeld Engeland van toepassing

---

[174] TA, MVE 1/1/1, pp. 138, 138: 50th Municipal Council meeting, 30.08.1906.

[175] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 66-68.

[176] TA, MVE 1/1/1, p. 128: Minutes, 8th Urban Board meeting, 16.12.1904; TA, MVE 1/1/3, p. 23: Minutes, 64th Municipal Council meeting, 31.10.1907. {Ironies het die 1911-bevolkingsopname getoon dat geen Indiërs in die dorp gevestig was nie.}

[177] TA, MVE 1/1/3, p. 228: Minutes, 110th Municipal Council meeting, 11.07.1911; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 64-66; H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., pp. 16-17; vgl. tabel 3.1.

gemaak kon word. Die term het nie reg aan die omstandighede van die steeds groeiende industriële gemeenskap laat geskied nie.[178]

Dr. T.N. Leslie, die voorsitter van die raad, het hom persoonlik daarvoor beywer om die status van die raad in ere te herstel. Onder sy leiding het die raad die konsep-ordonnansie op die hoogste vlak teengestaan.[179] Tydens die laaste vergadering voordat die verlaagde status in werking sou tree, het Leslie die raadslede vir hul toegewydheid bedank. Hy het egter geglo dat die subkomitees, met uitsondering van die Finansiële komitee, laks in die uitvoering van hul pligte was. Raadslede was nietemin as 'n goeie span beskryf. Met die verkiesing van nuwe lede en sukomiteelede, was Leslie weer as voorsitter aangewys. Mnr. K.M. Hosack is tot ondervoorsitter verkies. Die bestaande subkomitees het ook hul take met min ontwrigting hervat. Net meer as 'n jaar het verloop waarin Vereeniging as 'n *village council* beskou was. Die status van die dorpsraad was in 1912 weer herstel.[180]

Tussen 1892 en 1912 het die dorp se ontwikkeling in stadige fases verloop.[181] Daarna het die dorp vinnig uitgebrei. In 1912 het die raad met genoeë verneem dat die dorp voortaan as 'n *major municipality* erken sou word. As groter munisipaliteit het die raad uitgebreide magte ontvang. Dit het ook beteken dat 'n burgemeester aangewys kon word. Die benaming voorsitter het daarna weggeval. Tydens die vergadering van 5 Desember 1912 het die raad die verkiesing en aanstelling van 'n burgemeester behartig. Raadslid Thomas Nicolas Leslie is as die eerste burgemeester van Vereeniging aangewys.[182]

Die eerste volwaardige munisipale verkiesing het op 29 Oktober 1913 plaasgevind. Daarna het blanke inwoners demokratiese seggenskap in dorpsbetuur gehad. Die nege portefeuljes op die raad was na aanleiding van die verkiesingsuitslag gevul.

---

178 TA, MVE 1/1/3, p. 228: Minutes, 110th Municipal Council meeting, 11.07.1911.

179 F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging..., p. 1; H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., p. 17.

180 TA, MVE 1/1/3, p. 291: Minutes, 112th Municipal Council meeting, 07.09.1911; TA, MVE 1/1/3, p. 292: Minutes, 113th Municipal Council meeting, 03.10.1911.

181 SAB, HEN 462/1/13: Letter, Town Clerk - Mr Quass, 05.10.1949.

182 TA, MVE 1/1/3, p. 130: Minutes, 130th Municipal Council meeting, 05.12.1912.

Dit het die afwenteling van bestuur na gemeenskapsvlak finaal beklink. Nie-blanke inwoners was ten volle deur die blanke raad beheer. Die raad het byvoorbeeld 'n lokasie-inwoner, ene Kleinbooi, van sy woonerf ontneem omdat hy aan bierbrouery skuldig bevind is. Hierdie aspek het later die oorsaak van groot wrywing tussen die swartmense en die raad geword. Uiteindelik het later gebeure, wat hierin hul oorsprong gehad het, daartoe gelei dat die raad nie deur swart inwoners gerespekteer is nie.[183]

## 3.5 Wisselwerking tussen die raad en *Vereeniging Estates*

In die bestuursfase waartydens Vereeniging deur 'n resident-vrederegter bestuur was, het konflik soms tussen die resident-vrederegter aan die een kant en Sammy Marks en die mynbestuur aan die ander kant ontstaan. Dit was duidelik dat die mynbestuur nie daartoe geneë was dat hul aandeel in dorpsaangeleenthede onderskat word nie. Die mynbestuur het daarop aangedring om by besluitneming betrek te word.[184]

Weens *Vereeniging Estates* se tradisionele rol in die ontwikkeling van Vereeniging, was dit moeilik om die dorpsbestuur geheel en al in die hande van die verkose stadsvaders te laat. Dit het in 1905 nodig geword dat die twee partye hul rolle in dorpsake definieer. Derhalwe was 'n ontmoeting gereël. Verskeie onderwerpe rakende dorpsbestuur en die aandeel van *Vereeniging Estates* daarin was tydens die ontmoeting uitgestryk.[185]

---

[183] TA, Transvaal Provincial Publications (TPP), Band 5/14, *Transvaal Official Gazette*, Proclamation no. 36, vol. 14, no. 188, 03.10.1913, pp. 2-3; Union of South Africa, Department of Native Affairs, *Report of the Native Laws Commission, 1946-1948*, UG 28/48, pp. 48-51; S.B. Taaso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}; TA, MVE 1/1/3, p. 326: Minutes, 128th Municipal Council meeting, 07.11.1912; P.J.J. Prinsloo (red.), Die geskiedenis van Vereeniging, p. 457.

[184] TA, PW 11, MR 420/94: Letter, S. Marks - J.S.N. Hugo, 30.12.1893.

[185] TA, MVE 1/1/2, pp. 21-27: Minutes of the special urgency meeting of the Vereeniging Municipality, 11.12.1905.

*Vereeniging Estates* het 'n houvas op plaaslike bestuursake gehad aangesien dit die verskaffer van spesifieke dienste soos water was. Die raad het die koste gedra en moes met *Vereeniging Estates* oor tariewe ooreenkom. In hul ontmoeting het die twee partye ooreengekom dat 'n vasgestelde jaarlikse tarief deur die raad aan *Vereeniging Estates* betaalbaar sou wees. Vir die jaar 1906 is die bedrag op £900 vasgestel. Die daaropvolgende jaar moes die raad £1 000 vir die verskaffing van water aan die dorpenaars betaal. Teen 1908 het die bedrag op £1 100 te staan gekom.[186] 'n Patroon van wedersydse samewerking tussen die twee partye was sodoende neergelê.

*Vereeniging Estates* het nie gehuiwer om die raad by verskeie geleenthede van hulp te wees nie, veral wat die onderhoud van paaie aanbetref. Gedurende 1907 het die raad en *Vereeniging Estates* saamgewerk en 40 bandiete gebruik om instandhouding op paaie en die aanplant van bome in die dorp te behartig. Dit was ook nie 'n eenmalige gebeurtenis nie.[187]

Die verhouding tussen die grondeienaars en die plaaslike bestuur was deur interaksie bevorder. Onafhanklike besluitneming was nie voordelig vir die dorp nie. Met hierdie verstandhouding was die grondslag vir wisselwerking en deelnemende bestuur gelê wat in later jare 'n duidelike kenmerk van plaaslike bestuur in Vereeniging sou word. *Vereeniging Estates* het buitendien alleenreg op die verkoop van grond gehad.[188] Voorstedelike ontwikkeling het later teen hierdie agtergrond geskied.

---

[186] TA, MVE 1/1/2, p. 23: Minutes of the special urgency meeting of the Vereeniging Municipality, 11.12.1905.

[187] TA, MVE 1/1/2, p. 20: Minutes. 36th Municipal Council meeting, 30.11.1905; TA, MVE 1/1/3, p. 31: Minutes, 65th Municipal Council meeting, 28.11.1907.

[188] TAB, SS 684, R 3722/82, pp. 145-152: Ooreenkoms Volksraad - *De Zuid-Afrikaansche en Oranje Vrijstaatsche Kolen en Mijn Mineralen Vereeniging*, 23.12.1889.